VERSLAG: INTERNE PARASIETE

Ek het 3 maande gelede begin om DIATOMIET KONSENTRAAT in die skaaplek in te meng nadat ek gevind het chemiese dosering is duur en is ook nie meer effektief nie. Ek boer op die plaas Crafton Valley, Kuruman. 20 kg DIATOMIET KONSENTRAAT is gemeng met 900 kg lek. Nadat skape by Kuruman Abbatoir geslag is, was ek aangenaam verras om goedgekeurde lewers terug te kry. Lewerslak bly maar altyd `n probleem, vroeer is omtrent alle lewers afgekeur. Ek is baie in my noppies met hierdie organiese parasietdoder. Die 14 spoorelemente speel definitief `n rol by die metabolisme van die diere. Belangrikste is dat die inligting wat ek oor die varswater bron diatomiet uit die Noord Kaap ontvang het, ooreenkom met die praktyk.

VERSLAG: EKSTERNE PARASIETE

Ek gebruik sedert 17 November 2004 geen chemiese middels meer op my koeie nie. Ek gebruik slegs "ROLLING MATERIAL" diatomiet van die Noord Kaap. Volgens hierdie metode word 500kg "ROLL MAT" by die water punte op `n klein oppervlakte uitgestrooi. Mettertyd kom le die koeie en kalwers in hierdie stof. Hierdie stof deeltjies bereik geleidelik alle diere in die trop en bosluistellings neem drasties af. Wanneer koeie in `n nuwe kamp kom, neem bosluis tellings weer toe, maar verminder weer na ongeveer 10 dae. Ek beskou die enkele bosluise wat dan waarneembaar is as noodsaaklik om weerstand op te bou. Diere prestasie word glad nie daardeur benadeel nie. Wanneer dit reen, verdwyn die stof tydelik, maar sodra die son skyn en die temperatuur toeneem, kom dit weer te voorskyn. Omdat die produk `n fossiel is, kan dit nie verslaan of oneffektief raak nie. Ek voeg slegs `n paar sakkies na 4 maande weer by.

Die voordele is vir my die volgende:

- geen arbeid nie, die diere "help hulself";
- groot koste besparing, dipmiddels is duur;
- die produk is omgewingsvriendelik- 100% organies;
- baie navorsing is reeds gedoen.

Ek beveel dit graag aan, vir my los dit probleme op!

P.D. du Toit

PD du TOIT, du TOIT BOERDERY
TEL 0825588405

22/01 2007 22:02 FAX 0537121844 CANON 001